

3 September

2 Samuel 18:18-33 (18:33)

Ouertrots - My seun Absalom

Soos elke ouer trots is op sy kind so was Dawid ook. Dawid het ook soos elke ouer hoë verwagtinge gekoester van Absalom, sy kind. Absalom was 'n mooi man, 'n beminlike seun.

Absalom vermoor sy broer Amnon en vlug na sy grootvader. Met Absalom se terugkeer besluit hy om sy vader te onttroon. Toe die soldate vertrek sê Dawid as vader: "Saggies met die jong man, met Absalom". Daar het 'n tweestryd in die hart van Dawid geheers. Eerstens as koning om sy troon te verdedig en tweedens as vader met liefde vir sy seun.

Dawid kry die boodskap dat Absalom in die geveg omgekom het. Dawid se hart het gesidder. Ontroerd het die koning opgeklim na die bovertrek en op en afgeloop en gesê: "My seun, Absalom, my seun, my seun, my seun Absalom. Ag as ek tog maar in jou plek gesterf het". Dawid word teruggeruk sy verlede in. Sy sonde met Batseba en Uria. Die woorde van Natan het weer helder in sy ore geklink oor die sonde waar die Here sê: "Van nou afgaan ek uit jou eie huis ellende oor jou bring. Jy het genade gevind in die oë van die Here, jy sal nie sterwe nie". In Psalm 51 vers 13 sê Dawid: "Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie". Hoe maklik wil ons hê dat ons kinders in ons voetspore moet volg. Is ons voetspore so skoon dat hulle daarin kan volg? As daar gekyk word na die opvoeding van die kinders is dit in baie gevalle dat die voorbeeld, tugtiging en liefde ontbreek het nie, en dit juis daarom is dat die kind misluk het nie? Baie ouers weet nie eers waar hulle kinders is of wat hulle doen nie.

Kinders, julle sal altyd in julle ouers se gedagtes wees, ten spyte van wat ook al. Daar is altyd in julle ouerharte 'n sagte plekkie vir julle. Daar gaan altyd vir julle gebede op. Onthou, deur die soenverdienste van Christus het ons kinders van God geword. Ons is altyd in sy gedagte.

Ds. H.B. van der Walt (Pietersburg-Noord)